MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

12 Augustus 2021

OB 24-2021: Covid-19 situasie

Beste Ouers

Die Covid-19 gevalle bly hoog in die dorp en ons dra almal wat siek is op in ons gebede.

Ons het 'n personeellid wat positief getoets het. Die opvoeder was voor die langnaweek die laaste keer by die skool. Sy het oor die naweek begin sleg voel en as voorkomende optrede geïsoleer. Die skool word elke dag deeglik gesaniteer. Die personeel saniteer self elke dag die banke en die steunpersoneel die klasse, vloere en kleedkamers. Ons het ander personeel wat ongelukkig ook siek is aan griep en wat nie Covid het nie. Ons reël vir die klasse om voort te gaan, sodat die werk nie stilstaan nie.

Dankie aan die ouers wat saamwerk t.o.v. leerders wat isoleer. Indien enige persoon in die huishouding vermoedelik positief is, hou die leerder asb. tuis totdat u sekerheid het. Leerders moet 10 dae isoleer, tensy 'n negatiewe uitslag verkry word. Ons sal die leerders help om die agterstallige werk in te haal.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080